



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 132: 15 September 2017

SOVEEL SEËNINGE ONVERDIEND

Dat ons in 'n ongelooflike land bly en van die mees unieke gewoontes en gebruike hier ontwikkel het, kan nie betwyfel word nie, en is al tot in TV-advertensies as bemarkingsinstrument gebruik. Ons vermoë om in byna alles iets snaaks te sien is beslis uniek. Tog het ons 'n land geraak waar ons dikwels baie maklik kla en negatief raak. Dis amper asof dit ons verdedigingsmeganisme geraak het, en in die proses raak ons half blind vir die wonderlike seëninge wat ons dikwels onverdiend ontvang.

Framesby is besonder geseënd, maar tog lyk dit of ons dit nie altyd beseef nie. In hierdie skool geniet ons ongelooflike vryheid. Ons is vry om te aanbid soos ons wil, om te assosieer met wie ons wil, om te kan deelneem of nie, om hard te werk of nie. Hier is ons omring met mense wat elke dag dit hul lewenstaak maak om lewens positief te beïnvloed, wat ure opoffer om geleenthede te skep vir elkeen om sy of haar potensiaal te verwesenlik. Ouers wat net die beste vir hul kinders wil hê, en enigiets sal doen om dit moontlik te maak. Alles, oral om ons..... soms is ons net te blind om dit raak te sien.

'n Vol jaar is al weer amper agter die rug. Hoeveel kilometers is daar nie vanjaar deur ons sportspanne, kultuurgroepe en ander afgelê nie? Almal weer veilig tuis. Hoeveel wedstryde is daar nie gespeel sonder ernstige beserings nie? Ons kan werk en leer in 'n veilige omgewing en wanneer ons eksamen skryf, is alles rustig en in plek.

Waardeer ons alles wat ons só onverdiend ontvang ooit genoeg? Sê ons ooit dankie vir daardie ekstra opoffering?

Maak die beste van elke geleentheid, en moet nooit vergeet dat alles net Genade is nie. Leef 'n lewe van dankbaarheid en wys dit elke dag. Dis ONS spesiale plek!

REËLINGS VIR DIE LAASTE WEEK

Die Toetsreeks vir Graad 8 tot 11 loop volgende Vrydag ten einde, en alle leerders sal op Vrydag 29 September hul rapporte vir die derde kwartaal ontvang.

Vanaf Dinsdag 26 September sal die daaglikse skoolrooster hervat en sal onderrig soos normaal voortgaan. Die antwoordstelle sal op Dinsdag en Woensdag 27 September gekontroleer word. Intussen sal daar in verskeie vakke met nuwe werk aangegaan word, en dis baie belangrik dat ons leerders nie hierdie werk moet mis nie. Dit is ons ouers se verantwoordelikheid om te verseker dat hul kinders by die skool is. Die Matrieks maak eers Dinsdag 26 September klaar, maar hulle is welkom om vanaf Woensdag 27 September hul antwoordstelle by hul onderskeie onderwysers te kom kontroleer. Op Vrydag 29 September word die kwartaal met 'n saalbyeenkoms afgesluit, waarna die leerders hul rapporte sal ontvang. Geen rapporte sal voor daardie tyd beskikbaar wees nie.

Maak nou reeds 'n aantekening!

**ALGEMENE
OUERVERGADERING**

BEGROTING 2018

**16 NOVEMBER 2017 in
die Skoolsaal**

VERJAARDAE WIERDIE WEEK

Saterdag

Charné Barnard 11B
Celesté Heeres 9G
Vicky Van Der Merwe 12A
Savannah Zeeman 12F

Sondag

Eldrin Davids 12E
Francois Heunis 12A
Jaco Kotzé 9F
Lise Minnie 11E
Mienke Stander 9A

Maandag

Tenique Bekker 8A
Shandré Dutton 9G
Enre Lotter 11F
Christian Venter 11E

Dinsdag

Franco Van Eeden 9A

Woensdag

Julia Botha 10A
Kyle Heunis 9E
Jacques Hills 9E
Elizabeth Lourens 10A

Donderdag

Keanu Du Plessis 12C
André-Hugo Wium 11E

Vrydag

Kailan Robberts 12D
Kaylin Smith 11D

AKADEMIE NOU PRIORITEIT!

EINDEKSAMENROOSTERS: GR. 10 TOT 12

Die derde kwartaal spoed tot 'n einde en intussen neem die akademiese druk net toe. Vir ons senior leerders begin die eindeksamen reeds vroeg in die vierde kwartaal. Hieronder is die eindeksamenrooster vir Graad 10 tot 12. Alle vraestelle vir Graad 11 en 12 word deur die Departement voorsien. Vir Graad 10 is die vraestelle wat hieronder donker gedruk is, deur die Departement opgestel, en die hele land skryf hierdie vraestelle op die bepaalde dae. Die ander vraestelle word intern opgestel. Leerders moet hulself vroegtydig van die rooster vergewis om enige latere misverstande te voorkom. Afsprake vir bestuurslisensies tydens die eksamen moet asseblief vermy word. Afwesigheid tydens die eindeksamen kan groot nadelige gevolge inhou!

Tans is die beplanning dat ons op Vrydag 13 Oktober van ons Graad 12's gaan afskeid neem, en dat die Graad 10 en 11's tot Vrydag 20 Oktober sal skoolgaan. Tot op hede is geen inligting rakende die Graad 8 en 9-eksamen van die Departement ontvang nie. Sodra finaliteit verkry is, sal die rooster vir hierdie twee Graadgroepe deurgegee word.

	GRAAD 10		GRAAD 11		GRAAD 12	
	08:30	12:30	08:30	12:30	09:00	14:00
Ma 16/10					CAT V1	
Di 17/10					IT V1	
Ma. 23/10	CAT V1		LO			
Di 24/10	IT V1		CAT V1		Eng P1	
Wo 25/10	Afr V1	IGO V1	IT V1	BS	Rek	
Do 26/10	Eng P3				Toer	
Vr 27/10	Afr V3		Geo V1	Geo V2	Wisk/WG 1	
Ma 30/10	VS	IT V2	Rek		Wisk/WG 2	
Di 31/10	Eng P2	LO		Afr V3	Geo V1	Geo V2
Wo 1/11	CAT V2					IT V2
Do 2/11		Eng P1	IT V2		Afr V1	
Vr 3/11	Wisk/WG 1		FW 1	Eng P3	FW V1	
Ma 6/11	Wisk/Wg 2		FW 2	Toer	FW V2	CAT V2
Di 7/11			Mus V1			
Wo 8/11	Afr V2	IGO V2			Eng P2	
Do 9/11	Mus V1					
Vr 10/11	FW V1		Wisk/WG 1		LW V1	
Ma 13/11	FW V2		Wisk/WG 2		LW V2	IGO V1
Di 14/11	Toer	Mus V2		CAT V2		VS
Wo 15/11			IGO V1	Eng P2	Afr V2	
Do 16/11		LW V1		Afr V1		
Vr 17/11	Geo V1	Geo V2	LW V1	IGO V2		
Ma 20/11	Rek		LW V2	Eng P1		IGO V2
Di 21/11	LW V2		Mus V2	Afr V2		
Wo 22/11				VS	Mus V1	Mus V2
Do 23/11	BS				BS	
Vr 24/11					Afr V 3	
Ma 27/11					Eng P3	

PROGRAM VIR DIE WEEK 16 TOT 22 SEPTEMBER

Saterdag 16 September	Sondag 17 September	Maandag 18 September	Dinsdag 19 September	Woensdag 20 September	Donderdag 21 September	Vrydag 22 September
		Toetsreeks Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks Gr 12 Eksamen	Toetsreeks Gr 12 Eksamen	Toetsreeks Gr 12 Eksamen	Toetsreeks Gr 12 Eksamen Atletiekbyeenkoms

FRAMESBY BLY WYD BESIG!

KOMBERSPROJEK OORTREF ALLE VERWAGTINGE

Die oproep wat die afgelope paar weke in die Fakkelflits en op ons Facebook-blad gedoen is om die Framesby-gemeenskap te mobiliseer om hul harte oop te maak vir minderbevoorregtes het 'n ongelooflike reaksie tot gevolg gehad.

Dit het die behoorlik komberse gereën! Meer as 50 komberse is in 'n baie kort tydjie by die skool afgelewer en die Karaktertransformasie-komitee wat die projek geïnisieer het, kon sorg dat hierdie welkome geskenk by die regte mense uitkom. BAIE DANKIE aan almal wat hierdie onbaatsugtige bydrae gemaak het. Die Framesby-familie gee werklik om!



O/15'S SKITTER IN PAARL-7'S

Ons O/15-rugbyspelers het die rugbyseisoen nog so 'n bietjie uitgerek toe 'n groep van hulle verlede naweek na die Paarl gereis het om aan die Marius Schoeman 7's-toernooi deel te neem. Van die bekendste rugbyspelende skole was daar teenwoordig, en al die spanne is in 4 groepe ("pools") van 6 spanne elke ingedeel. Die eerste rondte is binne die groepe afgehandel en elke span moes 5 wedstryde speel. Ons span het ongelukkig in die groep teen Boland Landbou en Monument vasgeval en kon nie na die beker-kompetisie deurdring nie, en moes ons in die plaat-kompetisie meeding.

Die agt spanne wat na die beker-kompetisie deurgedring het, in kwarteindstryde teen mekaar gespeel, en die 4 verloorders het toe ook na die plaatkompetisie geskuif.

In hierdie kompetisie het ons span met die sterk span van Paul Roos Gimnasium afgerek, en so deurgedring na die finaal van die plaatkompetisie teen Stellenberg. Uiteindelik, in hul 8ste wedstryd van die dag (!), het ons manne groot naam gemaak deur die Stellenbergers op hul neuse te laat kyk en die plaatkompetisie te wen! So het ons dan 5de geëindig in hierdie ongelooflik sterk kompetisie. Baie mooi manne! Ons in baie trots op julle.

UNIEKE ATLETIEKBYEENKOMS VRYDAGMIDDAG EN-AAND

Soos vroeër berig bied Framesby volgende Vrydag, 22 September, 'n unieke atletiekbyeenkoms aan. Die byeenkoms sal die middag begin en deurloop tot 19:30 die aand. Die laaste klompie items sal onder die spreiligte wat op die pawiljoen aangebring is, plaasvind. Dit belooft om 'n heel opwindende geleentheid te wees, en gaan dalk net 'n nuwe mode aan die gang sit.

Dit sal wonderlik wees as ons in groot getalle die deelnemers kan kom ondersteun. Die Toetsreeks is immers dan reeds afgehandel en die langnaweek lê voor. Kan nie aan iets beters dink om op 'n lente-Vrydagaand te doen nie! Atlete van 13 Hoërskole gaan aan hierdie atletiekbyeenkoms deelneem, terwyl daar ook heelwat Graad 7-leerders van verskeie laerskole sal deelneem. Kom ondersteun ons asseblief. Framesby-toeskouers in sweetpak betaal nie die R20 hekgeld nie! Laerskoolleerders kan ook die byeenkoms verniet bywoon. Sien julle daar!!!

Intussen berig ons graag oor ons **Landloopatlete** wat onlangs aan die SA-kampioenskappe deelgeneem het. Lara de Bloe het in die dogters O/16 12de geëindig, terwyl Vicky Oelofse 21ste in die dogters O/17 gekom het. By die seuns was Wehan Smith 34ste by die seuns O/14, terwyl Janno Agenbag 43ste gekom het by die seuns O/17. Baie geluk!

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

ONS MOET VERSIGTIG WEES MET KRITIEK

In 'n boek waarin die proses van die afval van die kerk in Nederland bespreek word, deel die skrywer mee dat ondersoek aan die lig gebring het dat een van die oorsake waarom 'n deel van die jeug die rug op die Gereformeerde Kerke gedraai het, daarin gesoek moet word dat die ouers reeds so krities teenoor die kerk was.

Die ouers self was nog getroue kerkmense wat dit vir geen oomblik oorweeg het om met die kerk te breek nie. Hulle het ook probeer om hulle kinders kerklik groot te maak en die gedagte het nooit by hulle opgekom dat hulle die kinders se verbondenheid met die kerk kan ondermyn nie. Maar hulle het deur hulle kritiese houding by die kinders van kleins af 'n saad van ontevredenheid met en kritiek teenoor die kerk gesaai, wat later ontkiem en meegebring het dat die kinders tot die droefheid van die ouers die rug op die kerk gedraai het.

Ons besef nie altyd watter invloed die houding en ingesteldheid van ouers op hulle kinders het nie, selfs al probeer hulle nie bedoelbewus om die kinders te beïnvloed nie.

Die ouers het waarskynlik gemeen dat die kinders daarvan bewus sou wees dat hulle kritiek teen die kerk nie negatief bedoel was nie en uit 'n bepaalde lojaliteit teenoor die kerk voortgekom het. Hulle wou nie die kerk as sodanig afwys nie, maar net verbeter. Maar hulle het nie daarin geslaag om hulle lojaliteit teenoor die kerk op die kinders oor te dra nie. Slegs die gees van kritiek het bly steek, en dit het hulle van die kerk losgemaak.

Daar is seker geen ouer wat nie later met hartseer terugdink aan baie dinge wat hy of sy by die opvoeding van hulle kinders verkeerd gedoen het nie. Veral wanneer kinders anders ontwikkel as wat die ouers dit graag sou wou sien, besef hulle dat hulle self skuld daaraan het en wens dat hulle die kinders in 'n ander rigting gestuur het. Maar spyt kom altyd te laat. As die boompies eers opgegroeï het, kan die stammetjies nie meer gebuig word nie. Dan bly daar weinig anders meer oor as om eerlik met die kinders te praat, ons skuld teenoor hulle te bely en te bid dat God hulle deur sy genade na die regte weg terug sal lei.

Vir ouers wat egter nog in die posisie is om daagliks hulle kinders te kan beïnvloed, moet dit 'n saak van die grootste erns wees om nie deur 'n hiper-kritiese houding hulle kinders se verbondenheid met die kerk en met die Christendom te ondermyn nie.

Hulle hoef nie alles goed te vind wat in die kerk gebeur nie, maar hulle moet in hulle kritiek teenoor die kerk geen twyfel daaroor laat dat dit nie hulle liefde vir Christus en sy kerk verminder nie. En hulle moet doelbewus probeer om deur woord en voorbeeld hulle kinders nog vaster aan Christus en sy kerk te bind.

Uit *Die Burger*, 6 Oktober 1990

GR. 12-EKSAMEN DIÉ WEEK

Die Graad 12-eksamen gaan sy laaste week binne, met nog 2 vraestelle volgende week. Baie sterkte aan al ons Matrieks met hul voorbereiding. Die volgende vakke word hierdie week geskryf:

	09:00	14:00
Ma. 18 Sept	Wisk/WG V2 (3h)	
Di. 19 Sept	Afr. V2 (2½h)	LW V1 (1½h)
Wo 20 Sept		IGO V1 (3h)
Do 21 Sept		
Vr 22 Sept	Eng P2 (2&2½h)	LW V2 (2½h)

TOETSROOSTER HIERDIE WEEK

		Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11
Ma 18/9	1	EBW	SW (Geo)	LW	Wisk WG
	2		SW (Ges)	Toer	IGO
Di 19/9	1	SW (Ges)	Afr	BS	Eng
	2	SW (Geo)		VS	BS
Wo 20/9	1	NW (LW)	EBW	Wisk WG	LW
	2	NW (FW)			IT
Do 21/9	1	Teg	Wisk SGA	Afr	IGO
	2		Wisk		Geo
Vr 22/9	1	Eng	NW (LW)	FW	Rek
	2				



Lara op volspoed!